

# Jou Beste Belegging!

Om ‘n geseënde en oorvloedige opbrengs te kry begin met die regte belegging wat jy moet maak. As jy ‘n nuwe Christen is, is daar nie ‘n groter belegging wat jy kan maak in jou geloof nie as ‘n gereelde inneem van die Woord van God. Dit begin hier waar jy hulp kry om die Woord te Lees, te Verstaan en daagliks effektief Toe te Pas. Geneem uit die boek, “Out of This World: A Christian’s Guide to Growth and Purpose” geskryf deur David J. Swandt.

Copyright © 2013 David J. Swandt.  All Rights Reserved.

Published under license agreement by Twenty20 Faith, Inc. (USA).  Not intended for resale.  For more information visit:

www.twenty20faith.org

## “Gewaarborgde Opbrengs!”

In vandag se wêreld lig hierdie uitpraak sekere wenkbroue en wek dit ook heelwat agterdog. Maar daar is ‘n universele wet wat van toepassing is op feitlik elke aspek van die lewe: die wet van saai tyd en oes tyd, of om dit meer eenvoudig te stel, “jy oes wat jy saai.”

Jy kan nie oes voordat jy nie eers saad geplant het nie. Jy kan nie ‘n opbrengs kry as jy nie eers geïnvesteer het nie. Jy kan nie die voordele van ‘n produk of ‘n diens ontvang as jy dit nie eers gekoop het nie. Jy kan nie fisiese gesondheid behou sonder ‘n goed-gebalanseerde diëet en gereelde oefening nie. En met al hierdie voorbeelde is die opbrengs wat jy ontvang proporsioneel tot die kwaliteit of hoeveelheid wat jy vooraf gegee het.

Dieselfde wet is ook van toepassing op ons verhouding met God. Ons kan nie ‘n vervulde en geseënde reis saam met God oes as ons nie saad saai wat daardie oes

sal kan lewer nie. Die goeie nuus is dat God gelukkig goeie saad aan ons beskikbaar maak – dit word genoem Sy Woord, die Bybel. Deur God se Woord mildelik in ons lewens te saai, waarborg ‘n oorvloedige opbrengs op daardie belegging.

## **“Oorsig van die Bybel”**

Die Bybel is vol tydlose beginsels, duidelike instruksies en relevante voorbeelde van ‘n gebalanseerde, vervulde en geseënde lewe as ‘n Christen. Wat egter vasstaan is dat God se Woord nog nooit, en sal ook nooit, irrelevant raak nie, ongeag veranderende tye en seisoene. En dit is beskikbaar om ons voor te berei en toe te rus om God se doel vir ons lewens te bereik.

“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.” **2 Timoteus 3:16-17**

Die Bybel kan gesien word as ‘n intieme geskrewe uitdrukking van God, en alles wat Hy verteenwoordig, aan die mensdom.

Hieronder is ‘n paar punte wat aan jou verduidelik wat dit beteken:

1 – Die Bybel is God se konkrete uitdrukking van liefde. Dit praat van Sy kenmerke en karakter, Sy kommunikasie en instruksies, en veral Sy volle uitdrukking van liefde vir elke persoon wat nog ooit gelewe het.

2 – Die Bybel is God-geïnspireerd. Terwyl die 66 boeke van die Bybel fisies geskryf was deur baie outeurs, was elke persoon direk deur God geïnspireer deur die Heilige Gees om te kon skryf wat hulle geskryf het.

3 – Die Bybel is God se gesag oor ons lewens. Omdat die Bybel God se “letters” bevat vir mense, en omdat die geskrifte binne-in die Bybel God-geinspireerd is, dra Sy Woord dieselfde gesag oor ons lewens as God self.

God se Woord is een van die belangrikste fondasies vir ons geestelike groei en volwassenheid in God. Om ten volle toe te laat dat die saad van God se Woord in ons lewens floreer, moet ons hierdie saad plant

deur dit te lees, deur ons verstaan daarvan te ontwikkel, en deur dit in ons lewens toe te pas.

## “Lees die Bybel Gereeld”

Die meeste van ons sal saamstem dat die Bybel nogals baie lees-materiaal verskaf – waarvan sommige oorweldigend voorkom en by tye ook onduidelik. Hier is ‘n paar feite in verband met die Bybel wat vir jou ‘n verwysingsraamwerk en ‘n beter verstaan sal gee gedurende jou leestyd.

Eerstens sal jy vind dat die Bybel uit twee afdelings bestaan:

Die Ou Testament is ‘n samestelling van geskrifte wat begin met die skepping van die wêreld, die geskiedenis van die volk Israel – wat insluit hulle ondergang as ‘n nasie, die gevolglike gevangenskap deur hulle vyande, en ook hulle uiteindelike terugkeer om Jerusalem weer te beset ‘n paar honderd jaar voor die geboorte van Christus.

Die Nuwe Testament is ‘n samestelling van geskrifte wat nét voor die geboorte van Christus begin, en dan voortgaan met

Jesus se lewe en bediening, met Sy dood en opstanding as ons Verlosser, tot by die uiteindelike vestiging en uitbreiding van Sy Kerk regdeur die wêreld. Die boodskap van vryheid in Christus deur genade soos wat dit in die Nuwe Testament geopenbaar word, vervul en vervang die behoefte aan verpligte rituele wat in die Ou Testamant voorkom.

Tweedens, daar is algemeen gesproke drie tipes geskrifte wat jy dwarsdeur die Ou en Nuwe Testamente in die Bybel vind:

Historiese Gedeeltes – geskrifte wat 'n ware storie vertel en 'n belangrike geskiedkundige perspektief gee van mense asook van belangrike gebeurtenisse.

Instruksie Gedeeltes – boeke en verse wat instruksies gee oor baie aspekte van die Christelike lewe, die kerk se organisasie en persoonlike- en familie aangeleenthede sonder om spesifiek die geskiedkundige verloop van gebeurtenisse te verskaf.

Inspirerende Gedeeltes – poëtiese, kunstige geskrifte wat gekryf is om te bemoedig, mense se gemoed op te tel en wat handel oor die uitdrukking van emosies vanaf die skrywer tot by die leser.

Die Nuwe Testamentiese boeke wat ‘n Historiese Verloop gee van die lewe en bediening van Jesus, is Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Hierdie vier boeke word ook na verwys as die Evangelies. Handelinge is weer ‘n ander historiese boek wat die vestiging en uitbreiding van die Christelike kerk weergee na die dood en opstanding van Jesus.

Die Nuwe Testamentiese boeke wat die Instruksie Gedeeltes verteenwoordig is vanaf Romeine tot by Judas. Hierdie boeke is aktuele briewe van kerkleiers om advies en instruksies te gee aan ander Christene en kerke dwarsdeur die wêreld.

Die Ou Testamentiese boek Psalms is ‘n groot voorbeeld van die Inspirerende Gedeeltes. Hieronder is ‘n inspirasie komende van ‘n Psalm wat ons verseker van die seëninge wat God vir iemand gee

wat gereeld God se Woord in sy lewe investeer.

“Maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos ‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.”

**Psalm 1:2-3**

Om die saad van God se Woord in ons lewens te plant, moet ons Bybellees deel van ons daaglikse roetine maak. Soos wat die saad van God se Woord in ons lewe ontkiem en groei, só sal Sy seëninge al meer duidelik word. Jy sal krag ontvang uit sy Woord om jou te dra, selfs deur seisoene van droogte en moeilikhede.

## “Brei Jou Kennis Uit”

Deur ‘n verstaan van God se Woord te ontwikkel is ‘n lewenslange taak. Dit sal nie sommer oornag gebeur nie. Maar daar is sekere benaderings wat ‘n meer volledige verstaan kan bewerkstellig. Hier is ‘n paar gedagtes:

1 – Kry gereedskap. Daar is heelwat tipes studiehulp beskikbaar wat jou kan help om beter te kan verstaan wat jy lees. Byvoorbeeld, daar is Studie Bybels, konkordansies, en tematiese studie gidse beide aanlyn en in hardekopie.

2 – Raak betrokke in ‘n Bybelstudiespan of kleingroep om interaksie met ander Christene te kan hê en te obserweer hoe ander God se Woord in hulle lewens toepas.

3 – Hê ‘n plan. Vir diegene wat regtig ernstig is oor hulle persoonlike leestyd, is daar heelwat planne beskikbaar in YouVersion se Bybel Toep wat help om jou

deur die hele Bybel te begelei. Baie van hierdie planne kan jou help om deur die hele Bybel te werk in ‘n jaar se tyd – en dit is ‘n noemenswaardige prestasie om die minste te sê.

Hoe meer tyd jy spandeer in Sy Woord, hoe beter sal jy dit kan verstaan. En soos wat jy vorder, sal jy ook vind dat God jou sal help om presies dít te verstaan wat jy móét weet vir die seisoen van die lewe waarin jy is.

**“Pas God se Beginsels Elke Dag Toe”**

“U Woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.” **Psalm 119:105**

God se Woord verskaf vir Christene verligtende krag gedurende tye wat beleef word as ‘n donker wêreld. Dit sal alleenlik hierdie bron van lig kan wees as ons oop is vir die waarhede daarin en toelaat dat dit ons lewens binnedring. Jesus beskryf dit in ‘n gelykenis wat ons in Mattheus vind:

“'n Saaier het eendag gaan saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. 'n Ander deel daarvan het op klipbanke geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het gou opgekom omdat die grond nie diep was nie. Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. 'n Ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het opgekom en dit laat verstik. Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party

honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig.” **Mattheus 13:3-8**

Die saad in die storie verteenwoordig die Bybel, en die verskillende toestande van die grond verteenwoordig ons gereedheid en gewilligheid om God se Woord te ontvang. Let op dat nie al die saad wat deur die boer gesaai was die resultaat waarna hy gesoek het, oplewer nie; slegs die saad wat gesaai was in die goeie grond. Lees Jesus se verduideliking van die storie in Mattheus 13:18-23. Deur “goeie grond” in ons lewens te kweek beteken dat ons God se Woord toelaat om ons gedagtes binne te dring en om die motiewe en gesindhede van ons hart te beinvloed.

“Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.” **Hebreërs 4:12**